EVALUERING VAN ONS VOLKEREVERHOUDINGS-SITUASIE IN DIE HUIDIGE TYDSGEWRIG

Prof. J. H. Coetzee

Onsekerheid

Suid-Afrika se kommer oor sy veiligheid en oor 'n vreedsame toekoms staan grotendeels in verband met die vrees dat die verhouding tussen die etniese komponente van sy bevolking steeds versleg. Hierdie onsekerheid is erg verhoog sedert die val van die Portugese gesag in Mosambiek en Angola. Die toenemende gewelddadige botsing tussen Swart bevrydingsgroepe en die res van die Rhodesiese bevolking tesame met die mislukkings om 'n vreedsame skikking teweeg te bring, lewer ook 'n belangrike bydrae hiertoe. Die blykbare frontverandering in Lesotho, Botswana en Zambië kan uiteraard ook geen gerustellende uitwerking hê nie.

Teenstrydige uitsprake en gebeure verhoog daarby die onsekerheid. Die onafhanklikheid van Transkei staan opsigtelik teenoor die eisende stemme uit Lesotho. Die geweld en vandalisme in Soweto en ander stedelike gebiede onder Swart en Bruin sedert Junie verlede jaar, ontken die versekering dat die onderlinge verhoudings so goed is as wat dit nog nooit was nie.

Dit is egter feitlik onmoontlik om die huidige toestand te evalueer sonder verwysing na die gepasseerde.

Die begin

Aanvanklik was die maatstaf wat verhoudinge tussen mense van Europese en van Afrikaherkoms in Suid-Afrika bepaal het, primêr die verskil tussen Christen en heiden. Spoedig het dit egter geblyk dat dit in die praktyk te eenvoudig en gevolglik onrealisties was. Geloofsverskil het feitlik sonder uitsondering saamgeval met diepgaande beskawingsverskille en maklik waarneembare voorkomsverskille. Sedert 'n nuwe volk bestaande uit komponente van Europese herkoms op Afrikabodem tot stand gekom het, is die verhoudings nog ingewikkelder gemaak deur 'n etniese faktor.

Die resultaat van die meervoudige verskille het in haas elke sektor 'n neerslag op onderlinge verhoudinge gehad: die hou en verkryging van roerende sowel as van vaste eiendom; arbeid en arbeidsvaardighede; die huwelik en die hele veld van die sedelike lewe; reg en die beslegting van geskille, e.d.m.

Sodoende het die verskynsel van verskille uitgeloop op die beklemtoning van die vreemdheid en daarvandaan was dit 'n hanetreetjie om dit te laat versleg tot vyandigheid. Veral aan Blanke kant het die interetniese druk soos geprojekteer op die liggaamlike voorkoms, 'n tradisie van fisiese en kulturele laervorming laat ontstaan.

Tans

Drie eeue later vind ons weer 'n verskuiwing in die basiese toestand wat aanleiding gegee het tot die eerste verhoudingsverandering binne

'n kwarteeu na die aankoms van die Nederlandse volkstigters.

Die duidelike lyn van godsdiens-, beskawings- en algemene kultuurverskille word onduidelik. Die historiese grense van onderskeiding vervaag. Vlakke van gemeenskaplikheid val toenemend ooreen. Die Blanke bevolkingskomponent akkommodeer steeds meer heidene naas Christene, meer onbeskaafdes naas beskaafdes. Die Nieblankes daarenteen herberg groeiende getalle gelowiges naas heidene, beskaafdes naas onderbeskaafdes. Net die verskil in voorkoms bly onveranderd.

Soos vroeër toe die Nieblankes gehunker het na die meerdere materiële besit van die Blanke en sy begeertes probeer bevredig het ooreenkomstig die aan hom bekende en geoorloofde metodes om dit te verkry, sy dit dan met geweld teen persoon en eiendom, het hy toenemend sy hande begin uitsteek om die geestesgoedere en vaardighede van die Blanke deelagtig te word. Dikwels wou hy dit langs die maklike weg verkry sonder om dit werklik te verwerf. Soos die Blanke vroeër sy stoflike besittings fisies teen oorname teen die Nie-blanke beskerm het, het hy ook al te veel gehuiwer om selfs geestesgoedere wat oordraagbaar is sonder om die gewer te verarm, met die Swarte te deel.

Gemeenskaplike

Die voorgaande is uiters veralgemenend gestel. Dit is egter nie 'n totale oordrywing om te beweer dat die Blanke aanvanklik in die blote medemenslikheid van Hottentotte en ander inboorlinge te veel gemeenskapliks aanvaar het nie. Dit is 'n fout wat vandag nog deur die utopiese denke uit verskillende oorde gemaak word. Daardeur is die Europese nedersetters ontnugter en het hulle beweeg na die ander pool van beklemtoning van die verskille. Vandag is die Blanke oor die algemeen nog sku om aan die wordende gemeenskaplike belange en sektore plek te gee naas die onderskeidende. Dit kom voor of die Swart man van sy kant weer aandring op die gemeenskaplike blykbaar met weinig geduld vir die erkenning van die geldige onderskeidinge. Sodanige benadering skep vrees, weerstand en reaksie.

Na albei kante moet die eis om 'n prinsipiële en praktiese ewewig tussen gemeenskaplikheid en onderskeiding gestel word. Die een party word gemotiveer deur die begeerte om materiële besittings en volksidentiteit te behou deur politieke mag en sosio-ekonomiese voorregte. Die ander streef ongeduldig en met openbaring van reste van sy vroeëre onderbeskaafdheid na bereiking van die voorregte wat tans buite sy beheer is en soek hiervoor die weg na politieke mag, sy dit ook met onkonstitusionele middele.

Hierin moet beslis die invloede van materialistiese menslike hebsug, die oortuiginge van die humanistiese utopieë, die ideologie en metodes van die rewolusie, die sosialisme en kommunisme raakgesien word. Dit geld, hoewel in wisselende mate aan beide kante. Rassisme met Wit en Swart teologie, Wit identiteit en Swart bewussyn, Blanke selfbeskikking en Swart mag is aan albei kante werksaam.

Deur die handhawing van die tradisies enersyds sonder die

nodige aanpassing en die siedende eis om verandering van die geykte patroon andersyds loop verskille weer uit op vyandigheid en geskille op konfrontasie. In die geharwar word die stemme van konsilidasie en samewerking dood geskree.

Verwarring

Aan die Blanke front heers verwarring. Die tradisionele houding van Engelstalige kant om alle skuld op die skouers van die Afrikaner te pak word voortgesit en word versterk deur die feit dat die Afrikaner reeds meer as 'n kwarteeu aan die bewind is. Daarby maak hulle dankbaar misbruik van die stemme wat uit Afrikanerkant aandring op sinvolle hervorming.

Gevolglik raak Afrikaners self ook verward en agterdogtig. Omdat volksgenote skynbaar uit een mond praat met vroeëre politieke teenstanders en vyande word hulle gewantrou en geëtiketteer as hensoppers. Selde word die maatlyn van die Skrif aangelê om woord en dade te meet en te beoordeel.

Onder die Swartes heers selfs 'n nog dieper en tragieser dualisme. Die oorgrote meerderheid van die oueres is geneig tot gematigdheid en bely 'n aanhanklikheid aan die Blankes. Die jongeres wil in toenemende mate van geen konsiliasie of kompromie meer weet nie. In die proses verwerp hulle nie net die staatsgesag en -orde nie maar steur hulle ook nie meer aan die wense van hulle ouers nie. Gematigde leiers moet gevolglik swyg. In hulle magteloosheid wag hulle op die Blanke owerhede om orde op sake te stel. Ter behoud van hulle posisies moet hulle of swyg of in stryd met hulle gewete praat.

Waarheid en verdigsel

Onder die vlaag van Swart Bewussyn, magsdeling en die verkondiging van meerderheidsregering verkeer verskillende groepe in min of meer dieselfde dilemma. Indiërs praat soms in die koor saam en neem sterk standpunt in bv. oor sportaangeleenthede maar vrees inderwaarheid die Zoeloes en Zoeloe-oorheersing. Omgekeerd hou Swart leiers die lokaas van Swart Mag uit sonder dat hulle die waarborg kan gee ten opsigte van die veiligheid van Indiërs of van ander minderhede. Hierdie groep speel dus 'n tragiese dobbelspel ter wille van veiligheid na twee kante.

Met die Kleurlinge is dit nie veel anders gesteld nie. Veral die jongeres openbaar 'n ekstremisme en daarby 'n antipatie teenoor die Afrikaners wat voorheen onbekend was. Hulle neig tot 'n konfrontasie met die Blankes, wys die vroeëre strewe om Bruin Afrikaners te wil wees skerp af en soek na politieke vereenselwiging met Swart Mag. Meer gematigdes gaan slegs sover as om 'n alliansie aan te gaan met Swart Bewussyn. Juis hulle voel nie gerus oor Swart meerderheidsregering nie omdat dit 'n Bantoeregering sal wees wat groot onsekerheid en onveiligheid inhou vir die Kleurlinge. Hulle sou liefs met die Blanke geassosieer wou bly en gee gevolglik skerp uiting aan hulle frustrasie omdat die Blanke en veral die Afrikaner as regerende mag die deur gesluit hou. Om die saak nog inge-

wikkelder te maak loop hierdie verdelingslyn nie net langs generasieverskille nie maar ook langs sosio-ekonomiese kontoere en volg dit die bakens van klassedifferensiasie.

Wie is die meerderheid?

Sommige leiers van die ander inheemse Swart bevolkings, gesteun deur diegene wat in die stedelike gebiede woonagtig en selfs al geboortig is, gee graag hoog op oor Swart Eenheid, Swart Bewussyn en Swart Mag, ontken enige volksverband en etniese identifikasie en beywer hulle vir aanvaarding as permanente en volle burgers van die RSA in teenstelling met tuislandburgerskap. Hulle vra trouens nie meer om voorregte nie maar eis beweerde regte. Dit kom neer op vergoeding in die vorm van stemreg op grond van gelewerde dienste op ekonomiese gebied. Hulle gee dus voor om Suid-Afrikaners of selfs net Afrikane te wees. Daar is egter onteenseglike getuienis dat dit 'n beeld is wat na buite voorgehou word ter wille van die behoud en verkryging van materiële voordele wat hulle meen slegs as burgers van die Republiek bekom kan word.

Onderliggend hieraan lê enersyds die dualisme dat hulle smag na die verkryging van die regeringsmag oor die hele Suid-Afrika en tog onbewus ook te kenne gee dat Swart tuislanders nie by magte is om dieselfde prestasies te bereik en te handhaaf nie. Terselfdertyd leef daar onder die oppervlak van skyneenheid en van volkloosheid die werklikheid van etniese onderskeidings en selfs die onuitgesproke vraag: Wie sal die meerderheid wees en dus die mag uitoefen wanneer die Blanke vervang word as regerende groepe? Hierdie besef gaan gepaard met diepe besorgdheid en vandaar juis die poging om nie met enige van die tradisionele volke geïdentifiseer te wil wees nie.

Eie beeld

Van Afrikanerkant is dit wenslik om iets van sy eie geskiedenis, houdings- en reaksiepatrone in spieëlbeeld in die strewe, houdings en optrede van die anderkleurige volke en volksgroepe waar te neem. Daar lê merkwaardige ooreenkomste naas ewe opmerklike verskille: die vertolking van 'n eie „eeu van onreg"; die hoop op die jeug om „die toekoms reg te maak" (deur getalle sowel as deur gesindheid); die hartstog na eenheid ter wille van versekering van vryheid, voortbestaan en identiteit o.a. deur middel van geslote geledere; die begronding van die nasionale strewe in religieuse uitgangspunte; die grype na die politieke mag as middel tot regsherstel en -handhawing; die soeke na bondgenote in die omvattende volksstryd; die hunkering om te ontkom aan die ellende van armoede en die worsteling om tot welvaart te kom; die drang om soos volwaardige mense behandel te word wat geleenthede, erkenning van meriete en benadering van hulle probleme betref.

Die voorgaande is slegs enkele sooie wat gespit is uit die bodem van verwarring, misverstand, onveiligheid, verydelde verwagtinge, veranderende omstandighede, eksterne invloede, menslike onnadenkendheid en selfs van hebsug waaruit gewelddadige konfrontasie,

vyandigheid, rewolusie en vandalisme soos die wildste onkruid opskiet en waarin 'n klein, selfs onopsetlike vonkie 'n verwoestende brand kan stig.

Dit is onteenseglik duidelik dat in die skaduwee van die opstekende storm uit die noorde so 'n toestand met 'n toenemende Wit versus Swart polarisasie en konfrontasie, niks goeds vir enigeen in Suid-Afrika inhou nie. Die tragiek hiervan word steeds verhoog namate 'n stryd voorberei word waarin dit aanvanklik bloot ras teenoor ras sal wees. Want die tweede fase daarvan sal ongetwyfeld die stryd wees tussen die Swart volke van Suid-Afrika ondermekaar. Bondgenootskap tussen die Suid-Afrikaanse bevolkingsdele en nie vyandskap nie behoort die hartsbegeerte te wees van elke inwoner van die land. Dit moet beide die dryfveer en die doelwit van elke aksie, elke beplanning, elke optrede en elke houdingsvorming te wees.

Hierdie verhoudingsproblematiek is wesentlik 'n ingewikkelde dilemma wat nie net met enkele slagspreuke en vereenvoudigde utopiese idees opgelos kan word nie. Die bestaan van vooroordele en uitgediende houdings met hulle gepaardgaande strukture en met hulle wortels diep in die geskiedenis en die gemeenskaplike ervarings aan weerskante is 'n faktor wat ons nie kan wegredeneer nie. Net so min kan beweer word dat een van die partye vry is van onrealistiese en onregverdige eise. Slegs werklikheidsvreemde idealiste waag om waarborge te gee oor weersydse goeie gedrag maar niemand is eintlik bereid om hierdie wissels te verdiskonteer in die lig van wat elders in Afrika gebeur het en nog plaasvind nie.

Eensydige beskuldigings en veroorsakings is ewe onjuis en bring niemand nader aan 'n oplossing nie. Daar is nie net Blanke eiebelang en hebsug agter die bestaande gevalle van onreg in die situasie te onderken nie. Daar is ook nie net onrealistiese eise aan die kant van die Swartes aan te wys nie. Daar is die veel ingewikkelder veld van remminge van 'n onderbeskaafdheid en die aansprake van 'n meerdere beskaafdheid, van aanpassing en beheer van die omstandighede en moontlikhede van die omvattende omgewing en die kontakte tussen mense uit twee geesteswêrelde waarmee rekening gehou moet word.

Per slot van rekening moet die saamleef van sondige mense georden word: sondig in begeertes en verduister in verstand en insig. Die beste bedoelings kan en sal spaak loop op die feit van die substansiële reste van die beskawingsverskille van die Swart man en die gebrek aan erkenning van sy vordering op daardie pad deur die Blanke. Deure wat in goeie gesindheid vir die ontwikkeldes oopgemaak word, word maklik bestorm deur die massas. En hieruit ontspring die vonk van konflik.

Teen hierdie komplekse agtergrond het 'n polarisasie ontstaan wat nie net potensiële politieke vennote in vyandige kampe gejaag het nie maar wat selfs dreig om die gemeenskap van die gelowiges te verdeel en die liggaam van Christus te skeur.

Nòg rewolusie, nòg liberalisme, nòg ras- of volksvergoding kan hierop 'n afdoende antwoord verskaf. Dit beklemtoon die roeping en verantwoordelikheid van die gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing en belydenis om in denke en in daad die leiding te gee.

Die Bybelse eis van geregtigheid moet van toepassing gemaak word. Dit moet die gemeenskaplikheid naas die verskeidenheid erken op elke lewensterrein na die aard en die eise daarvan: in die kerk na die wese van die kerk; in die staat volgens die aard, roeping en struktuur van die burgerlike owerheid; en in die samelewing met al sy veelvuldige fasette van die ekonomie, die opvoeding, vermaak en ontspanning, omgang tussen groepe en tussen individue.

(Gelewer by die Aktualiteitskursus, Teol. Skool, Potchefstroom, Maart 1977.)